

**Bennie Groenewald Primêre Skool en andere v Premier van die Noord-Kaap en 'n ander  
[1998] 3 All SA 426 (NC)**

**Division:** Northern Cape Division  
**Date:** 27 March 1998  
**Case No:** 1786/97  
**Before:** AJ Du P Buys J  
**Sourced by:** JJ Schreuder  
**Summarised by:** S Moodliar

• [Editor's Summary](#) • [Cases Referred to](#) • [Judgment](#) •

*Civil procedure – Locus standi – Governing body of school – Locus standi of governing body of public school to challenge notice on education policy by Member of the Executive Council of the provincial legislature – Act [84 of 1996](#) and Act [6 of 1996](#) (Northern Cape) – Governing body has locus standi in this regard.*

*Civil procedure – Locus standi – Schools – Locus standi of public school to challenge notice on education policy published by Member of the Executive Council of the provincial legislature – Act [84 of 1996](#) and Act [6 of 1996](#) (Northern Cape) – School has locus standi in this regard.*

*Education – Governing body of school – Locus standi of governing body of public school to challenge notice on education policy published by Member of the Executive Council of the provincial legislature – Act [84 of 1996](#) and Act [6 of 1996](#) (Northern Cape) – Governing body has locus standi in this regard.*

*Education – Schools – Locus standi of public school to challenge notice on education policy published by Member of the Executive Council of the Provincial Legislature – Act [84 of 1996](#) and Act [6 of 1996](#) (Northern Cape) – School has locus standi in this regard.*

*Practice – Joinder of parties – Test for – Direct and substantial interest in subject matter of the litigation – Party seeking to be joined does not have to satisfy the court that it will be successful in the litigation – All that is required is a prima facie case and court must be satisfied that the application is made seriously and is not frivolous.*

### **Editor's Summary**

The Member of the Executive Committee for Education, Training, Arts and Culture in the Northern Cape Provincial Legislature ("the MEC") had published a notice in Provincial Notice 4 of 1997 in terms of which she directed that certain steps had to be followed to implement an integrated public school system in rural areas. The effect of the notice was that where it was practically possible, there had to be integration in rural schools and further that, where practicable, there should be a Junior Primary School, Senior Primary School and a Secondary School in each town.

In an application ("the first application") to the High Court, the Premier of the Northern Cape ("the Premier") and the MEC had sought a declaratory order that the directive of the MEC be implemented. The Respondents in the first application were: (i) the School Committee of the Bennie Groenewald Primary School; (ii) Mr J Sauls NO (the headmaster of Bennie Groenewald); (iii) the Governing Body of Richmond High School; (iv) Mrs Marie Urtel NO (the acting headmistress of Richmond High School); (v) the parents, teachers and pupil association of the Ikhaya Combined School, Richmond; and (vi) Mr GM Magalanga (the headmaster of the Ikhaya Combined School). The main

### **Page 427 of [1998] 3 All SA 426 (NC)**

issue in the first application was the validity of the MEC's directive. On 16 April 1997, Mackay AJ made an order confirming that the steps directed by the MEC were valid and enforceable with regard to public schools in the area of Richmond.

An application ("the second application") was then brought by the following Respondents: (i) Bennie Groenewald Primary School; (ii) "Besorgde Demokratiese Ouerbeweging van Richmond"; (iii) Carnavon High School; and (iv) "Federasie van Beheerliggame van die Suid-Afrikaanse Openbare Skole Noord-Kaap". The Premier and the MEC were cited as Respondents and the relief sought was the setting aside of the order in the first application as well as an application for the substitution of the Respondents in the second application as Respondents in the first application.

By agreement between the parties, the Court was required to decide only the issue of the substitution of parties and certain points *in limine*.

**Held** – With regard to the issue of the *locus standi* of the First Applicant, the Court considered the provisions of Act [84 of 1996](#) (“the Act”) and Act [6 of 1996](#) (“the NC Act”). The schools which fell under the provisions of these Acts were “public schools” (“openbare skole”) and each school was a legal person (“regspersoon”). The legislature did not properly distinguish between the legal personality of the school and the legal personality of the governing body. From the provisions of [section 41](#) of the Act and [section 53](#) of the NC Act, the Court was of the opinion that the governing body of a public school also had legal personality. However, the governing body had no authority or control with regard to the (political) educational policy of a school. Where the legislature gave a school the legal capacity to exercise its functions, such a school had *locus standi* to challenge in court any action through which such functions are changed or limited. The Court also rejected the argument of the State that there was no *lis* between the MEC and the Bennie Groenewald School. The point *in limine* was dismissed and the Court concluded that the First Applicant had *locus standi*.

The second point *in limine* was whether, if a public school had legal capacity, the Applicants ought also to have made application to join the Richmond High School and the Ikhaya Combined School as parties in the first application because those schools had an interest in the setting aside of the first court order and the validity of the MEC’s notice. The Court looked at the issue of joinder and held that the test was whether the party in question had a direct and substantial interest in the subject matter of the action. The direct interest required was a legal interest in the subject matter of the action which could be prejudicially affected by the judgment of the Court. It was not necessary for the intervening party to satisfy the Court that he would necessarily succeed in the litigation. All that was required was for the party to make allegations that would show that he had a *prima facie* case and that his application was made seriously and was not frivolous. The Court then applied these principles to the schools in question (including the Bennie Groenewald School) and found that they had a direct and substantial interest and that a *prima facie* case had been made out.

With regard to the joinder as parties of the governing bodies of the Richmond High School and the Ikhaya Combined School, the Court found that they had a substantial and direct interest as representatives of the teachers, parents and pupils of the schools and ought therefore to be joined as parties.

#### **Page 428 of [1998] 3 All SA 426 (NC)**

On the *locus standi* of the Second Applicant (the “Ouerbeweging”), the Court found that it was a legal person (a *universitas*) under the common law. The fact that it had not been formally constituted at the time of the first application did not affect its *locus standi* as a constitution was not a necessary prerequisite for the existence of a *universitas*. On the facts, the Court found that the Ouerbeweging had a direct and substantial interest in the setting aside of the court order in the first application and in the point of dispute in that application.

With regard to the Carnavon High School, the Court found that it should be joined as a party for the same reasons as the Bennie Groenewald School.

The last point was whether the Fourth Applicant (“FEDSAS”) should be joined as a party in the first application. According to its Constitution, FEDSAS was a legal person which could sue and be sued. FEDSAS had as its members the governing bodies of 108 public schools in the Northern Cape. The Court found, for the same reasons as with the governing bodies of the Richmond High School and the Ikhaya Combined School, that FEDSAS had a direct and substantial interest and should be joined as a party in the first application.

The Court made the following order: (i) the Respondents’ points *in limine* were dismissed; (ii) the Applicants in the second application were joined as Applicants in the first application; (iii) the Richmond High School and the Ikhaya Combined School were joined as Respondents in the first application; (iv) the governing bodies of the Richmond High School and the Ikhaya Combined School were joined as Respondents in the first application. Costs were reserved.

#### **Notes**

For Civil Procedure, see *LAWSA* Re-issue (Vol 3(1))

For Education, see *LAWSA* (Vol 8, paragraphs 142-299)

#### **Cases referred to in judgment**

("C" means confirmed; "D" means distinguished; "F" means followed and "R" means reversed.)

*Amalgamated Engineering Union v Minister of Labour* [1949 \(3\) SA 637](#) (A)

*CIR v Witwatersrand Association of Racing Clubs* [1960 \(3\) SA 291](#) (A)

*Ex Parte Moosa: In Re Hassim v Harrop-Allin* [1974 \(4\) SA 412](#) (T) – F

*Ex parte Sudurhavid (Pty) Ltd: in re Namibia Marine Resources (Pty) Ltd v Ferina (Pty) Ltd* [1993 \(2\) SA 737](#) (Nm)

*Henri Viljoen (Pty) Ltd v Awerbuch Brothers* [1953 \(2\) SA 151](#) (O)

*Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad v Minister van Gesondheid en 'n ander* [1961 \(4\) SA 715](#) (T)

*United Watch and Diamond Co (Pty) Ltd and others v Disa Hotels Ltd and another* [1972 \(4\) SA 409](#) (C) – F

## Judgment

### BUYS J

Op 16 April 1997 het Mackay WnR 'n hofbevel gemaak in aansoek 399/97 ingevolge waarvan onder meer gelas is dat die "stappe" wat afgekondig en gepubliseer is in die *Provinsiale Koerant* van 3 Maart 1997, "geldend en afdwingbaar is ten aansien van die Openbare Skole en geleë te Richmond". Die "stappe" word dan volledig uiteengesit in paragraaf 1.2 van die hofbevel. Verdere regshulp is verleen in paragrawe 2 en 3 van die hofbevel.

### Page 429 of [1998] 3 All SA 426 (NC)

In hierdie aansoek, nommer 1786/97, doen die applikante nou aansoek dat die hofbevel in aansoek 399/97 tersyde gestel word. Terselfdertyd doen die applikante aansoek om gevoeg te word as respondente in saak 399/97.

In aansoek 399/97 was die partye soos volg:

Die eerste applikant is die premier van die Noord-Kaapse Provinsie. Die tweede applikant is die lid van die Uitvoerende Raad vir Onderwys, Opleiding, Kuns en Kultuur in die Noord-Kaap Provinsiale Regering ("LUR").

Daar is ses respondente in aansoek 399/97.

Die eerste respondent is die skoolkomitee van die Primêre Skool Bennie Groenewald, Richmond ("die skoolkomitee"). Die tweede respondent is mnr J Sauls NO die skoolhoof van Bennie Groenewald. Die derde respondent is die beheerliggaam van die Richmond Hoërskool. Die vierde respondent is mev Marie Urtel NO die waarnemende skoolhoof van die Richmond Hoërskool. Die vyfde respondent is die ouers, onderwysers en leerlingvereniging van die Ikhaya Gekombineerde Skool, Richmond. Die sesde respondent is mnr GM Magalanga, die skoolhoof van die Ikhaya Gekombineerde Skool, Richmond.

In hierdie aansoek (1786/97) is die applikante soos volg:

Die eerste applikant is die Bennie Groenewald Primêre skool ("Bennie Groenewald"). Die tweede applikant is die Besorgde Demokratiese ouerbeweging van Richmond ("ouerbeweging"). Die derde applikant is die Hoërskool Carnavon. Die vierde applikant is die Federasie van Beheerliggame van die Suid-Afrikaanse Openbare Skole Noord-Kaap (FEDSAS). Die respondente is die Premier en die LUR, dws die applikante in saaknommer 339/97.

Die hoof dispuut in aansoek 339/97 is die geldigheid van die LUR se skole beleid waarna in die stukke verwys word as die "amalgamasie beleid". Hierdie beleid het na bewering sy juridiese beslag gekry in Provinsiale Kennisgewing nommer 4 van 1997.

Kortliks beteken die kennisgewing dat die LUR beoog om, waar prakties moontlik, integrasie in die skole op die platteland te bewerkstellig en dat sy verder beoog dat, waar prakties moontlik, daar 'n junior primêre, 'n senior primêre en 'n sekondêre skool op 'n dorp sal wees.

Bennie Groenewald en die Hoërskool Carnavon is onder meer skole wat nie genoeg neem met die LUR se proses van amalgamasie nie.

In sy eedsverklaring sê mnr Johnny Christoffels die volgende van die bruin gemeenskap in Richmond:

"15.

Die geskiedenis van die bruin gemeenskap hou sterk verband met die aktiwiteite van die voormalige Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (tans die Verenigende Gereformeerde Kerk). Gedurende of ongeveer 1946 het hierdie kerk begin om 'n skool op te rig op die terrein direk langs die kerkgebou. Dit was die begin van die Skool (Bennie Groenewald) en daardie struktuur is steeds deel van die Skool. Die Skool is ook inderdaad vernoem na die destydse leraar van die betrokke gemeente. Die ouergemeenskap het fisies die bouwerk gedoen, terwyl die kerk se bydrae was om materiaal te voorsien. Van daardie tyd af is daar 'n baie sterk emosionele, sosiale en kulturele verbintenis tussen die ouergemeenskap en die Skool. In 1962 is op dieselfde manier 'n verdere vleuel by die Skool aangebou. Weereens was dit die ouers wat met hulle handarbeid gehelp het om die skool op te rig. Die Skool is op 'n later stadium deur die Regering van die dag oorgeneem, wat verdere aanbouings gedoen het sodat die Skool uitsien soos dit tans daar uitsien. Gedurende 1996

### Page 430 of [1998] 3 All SA 426 (NC)

is die vyftigjarige bestaan van die Skool gevier, 'n gebeurtenis wat 'n besondere geleentheid in die bestaan van die gemeenskap was. Die Skool en die kerkgebou daarnaas het ontwikkel tot die sentrum van die gemeenskapslewe van die betrokke gemeenskap waarin dit geleë is en is dit tans nog. Tot 'n groot mate simboliseer hierdie twee instansies midde-in die gemeenskap, die wil en vermoë van 'n uiters arm gemeenskap om bo sy omstandighede uit te styg.

16.

Deurentyd het die ouers van die bruin gemeenskap insette gelewer en fasiliteite geskep met geweldige opoffering wat daarmee gepaard gegaan het, in die lig van die feit dat ons 'n baie arm gemeenskap is. Die gevangensidiens, Suid-Afrikaanse Polisie, en die onderwys is die grootste werkgewers op die dorp. Talle mense, waarskynlik die meerderheid, is werkloos en afhanklik van welsynsbydraes. Bydraes tot fondsinsamelings vind gewoonweg plaas met werklike finansiële opoffering van die ouers en gemeenskap."

Namens die ouerbeweging (tweede applikant), sê mnr SC Jordaan die volgende:

"Die ouergemeenskap het wesenlik 'n groot gedeelte van die skool fisies gebou en dit daarna opgebou tot 'n hoë standaard. Die ouers het 'n emosionele en gemeenskapsverantwoordelikheid teenoor die skool en bowe al teenoor die kinders om toe te sien dat hulle ten beste versorg word in die onderwysproses en dat hulle grootgemaak word en opgevoed word in die taal van hulle keuse en in assosiasie wat vrywillig is. In hierdie verband kan ek dit onomwonde stel dat die skool nog altyd oop was vir ander etniese en taalgroepe, mits die voertaal van die skool deur sodanige leerling onderskryf word. Daar was dan inderdaad alreeds voor amalgamasie kinders van ander etniese groepe opgeneem in die skool. Die feit dat die amalgamasiemodel meebring dat alle kinders vanaf Grade 4 tot en met 7 weggeneem word by die skool, neem inderdaad die hart uit die skool uit. Ek sal verder met hierdie aspek handel wanneer die *Tweede Applikant* geleentheid kry om die hoofaanzoek te bestry."

Die LUR se beoogde amalgamasie proses sal tot gevolg hê dat Bennie Groenewald nou 'n junior primêre skool word wat sy leerlinge ook sal trek uit die Xhosa en wit gemeenskappe en van sy bestaande leerlinge verloor na die Ikhaya Gekombineerde Skool en Richmond Hoërskool. Onderhandeling tussen die bruin gemeenskap en die onderwysowerhede was nie suksesvol nie en die premier en LUR het toe in saak 399/97 'n aansoek gebring in die volgende terme soos uiteengesit in die kennisgewing van mosie.

- "2. Dat 'n verklarende bevel uitgereik word waarkragtens verklaar sal word dat:
  - 2.1 die stappe soos afgekondig deur die tweede applikant in Offisiële Kennisgewing nommer 4 van 1997 en gepubliseer in die *Provinsiale Koerant* van 3 Maart 1997, *geldend en afdwingbaar is binne die Noord-Kaap Provinsie*; en (my beklemtoning).
  - 2.3 die eerste respondent regtens gebonde en verplig is om uitvoering te gee aan die voormelde stappe soos afgekondig deur die tweede applikant.
3. Dat die tweede respondent gelas word om onmiddellik die terrein, alle geboue, sportgronde en alle ander onroerende en roerende bates van die primêre skool Bennie Groenewald aan die Hoof van die Departement Onderwys, Opleiding, Kuns en Kultuur van die Noord-Kaapse Provinsiale

### Page 431 of [1998] 3 All SA 426 (NC)

Regering beskikbaar te stel vir die behoorlike implementering van die stappe soos voormeld afgekondig deur die tweede applikant.

4. Dat die eerste respondent belet word om op enige wyse hoegenaamd die voormelde Hoof van die Departement te verhinder en/of om in te meng met die implementering van die stappe soos aldus afgekondig deur die tweede applikant; of om enigiemand toe te laat of aan te stig om aldus in te meng met die implementering van die tersaaklike stappe deur die Hoof van die Departement."

Die respondente in saak 399/97 het nie die aansoek teengestaan nie o.a. weens hulle geldelike

onvermoë om 'n hofgeding te voer.

Op 16 April 1997 is die gewraakte hofbevel toe gemaak.

Die hofbevel lees soos volg:

“WORD GELAS:

1. DAT 'n verklarende bevel uitgereik word waarkragtens verklaar sal word dat:
  - 1.1 die stappe soos afgekondig deur die tweede applikant in Offisiële Kennisgewing nommer 4 van 1997 en gepubliseer in die *Provinsiale Koerant* van 3 Maart 1997, geldend en afdwingbaar is ten aansien van *die openbare skole en geleë te Richmond* (my beklemtoning).
  - 1.2 die eerste respondent regtens gebonde en verplig is om uitvoering te gee aan die volgende stappe soos meegesê deur die tweede applikant:
    - 1.2.1 as volg: DAT Richmond Hoërskool sy status behou as Hoërskool met sy breë Curriculum waartoe sekere byvoegings gemaak sal word ten einde onder andere Xhosa sprekende leerlinge te akkommodeer. Hierdie skool sal volgens die standerd ses leerlinge wat voorheen in Bennie Groenewald geakkommodeer is, absorbeer word sowel as die hoërskool leerlinge wat voorheen te Ikhaya Gekombineerde Skool, geakkommodeer is.
    - 1.2.2 Ikhaya Gekombineerde Skool word 'n Senior Primêre Skool en behou sy komponent van Senior Primêre leerlinge en absorbeer terselfdertyd die Senior Primêre leerlinge van Bennie Groenewald sowel as Richmond Hoërskool. Hierdie skool sal 'n parrallel medium senior primêre skool, Engels & Afrikaans word.
    - 1.2.3 Die Primêre Skool Bennie Groenewald word 'n Junior Primêre Skool, behou sy Junior Primêre Leerlinge en absorbeer terselfdertyd die Junior Primêre Leerlinge van Ikhaya Gekombineerde Skool en Richmond Hoërskool. Hierdie skool sal 'n parallelmedium Skool in Xhosa en Afrikaans word.
2. DAT die tweede respondent onmiddellik die terrein, alle geboue, sportgronde en alle ander onroerende en roerende bates van die primêre skool Bennie Groenewald aan die hoof van die Departement Onderwys, Opleiding, Kuns en Kultuur van die Noord-Kaapse Provinsiale Regering beskikbaar stel vir die behoorlike implementering van die stappe soos voormeld afgekondig deur die tweede applikant.

**Page 432 of [1998] 3 All SA 426 (NC)**

3. DAT die eerste respondent belet word om op enige wyse hoegenaamd die voormelde Hoof van die Departement te verhinder en/of om in te meng met die implementering van die stappe soos aldus afgekondig deur die tweede applikant; of om enigiemand toe te laat of aan te stig om aldus in te meng met die implementering van die tersaaklike stappe deur die hoof van die Departement.”

Paragrafe 2 en 3 van die hofbevel stem woordeliks ooreen met paragrafe 3 en 4 van die kennisgewing van mosie. Dit sal dadelik opgemerk word dat in paragraaf 1.1 van die hofbevel die gebied beperk is tot die openbare skole te Richmond terwyl die kennisgewing van mosie betrekking het op openbare skole in die hele Noord-Kaap Provinsie.

Die “stappe” waarna daar slegs in paragraaf 1.1 van die hofbevel en die kennisgewing van mosie as sulks verwys word, is egter in die hofbevel omskryf soos blyk uit paragrafe 1.2, 1.2.1, 1.2.2 en 1.2.3 daarvan.

Die applikante in hierdie aansoek (1786/97) doen aansoek om die volgende regshulp:

- “1. Dat die bevel verleen deur hierdie Agbare Hof op 16 April 1997 in saaknommer 399/97, tersyde gestel word;
2. Dat die Applikante in hierdie aansoek gevoeg word in saaknommer 399/97 onderskeidelik as die sewende, agste, negende en tiende Respondente;
3. Dat die Applikante in hierdie aansoek die koste van hierdie aansoek betaal, maar nie die koste van enige opposisie daartoe nie.”

By die aanvang van die aansoek het mnr *Lacock*, namens die respondente, verskeie punte *in limine* geopper. By ooreenkoms tussen die partye word van my verwag om slegs die punte *in limine* en die voeging van applikante op hierdie stadium te beslis. Die aansoek om tersydestelling van die hofbevel staan oor vir beslegting op 'n later stadium.

Mnr *Lacock* se eerste punt is dat die eerste applikant, Bennie Groenewald Primêre Skool, geen *locus standi* het om aansoek te doen vir die regshulp soos uiteengesit in die kennisgewing van mosie nie.

Mnr *Lacock* het sy betoog soos volg saamgevat:

- 2.1 'n Skool as regs persoon het geen regte of bevoegdhede ten aansien van die bepaling van skoolbeleid deur die LUR kragtens artikel 4 van die Noord-Kaapse Wet, nommer 6 van 1996, nie en is nie bevoeg om die uitoefening van die statutêre bevoegdhede van die LUR daaraangaande in 'n regs geding aan te veg nie.
- 2.2 Die interdik soos in saak 399/97 aangevra en verleen, is nie teen die skool as regs persoon aangevra of verleen nie, maar teen die skoolkomitee van die eerste applikant, is die skool as regs persoon nie deur die regshulp soos verleen geraak nie, en het die eerste applikant gevolglik nie *locus standi* om hierdie aansoek te doen nie."

Voordat ek mnr *Lacock* se betoog behandel is dit allereers nodig om na sekere van die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 ("die Wet") en die Noord-Kaapse Wet op Skoolonderwys 6 van 1996 ("die NK Wet") te kyk. Al die skole betrokke in hierdie twee aansoeke is ingevolge die twee wette "openbare skole". Artikel 15 van die Wet bepaal dat elke openbare skool 'n regs persoon is "met die wetlike bevoegdheid om sy werksaamhede" ingevolge

### Page 433 of [1998] 3 All SA 426 (NC)

die Wet te verrig. Artikel 49(1) van die Noord-Kaapse Wet bepaal slegs dat 'n openbare skool 'n regs persoon is.

Die vraag wat dan onmiddellik ontstaan is deur watter orgaan of organe tree hierdie regs persoon op. Die antwoord word ook in die wette gevind. Dit is die beheerliggaam van die skool en die skoolhoof. Hulle pligte word deur die wette geskei. Ingevolge artikel 16 van die Wet setel die beheer van elke openbare skool in sy beheerliggaam en die professionele bestuur daarvan in die prinsipaal onder die gesag van die departementshoof (artikel 49(2) en (3) NK Wet). Volgens die woordoms krywing in artikel 1 van die Wet is die "Departementshoof" die hoof van 'n onderwysdepartement of die "mees senior beampte in die departement" aldus artikel 1 van die NK Wet.

Die beheerliggaam word saamgestel uit die prinsipaal in sy of haar amptelike hoedanigheid, verkose lede en gekoöpteerde lede. Die verkose lede bestaan uit ouers van die skoolkinderes ("leerders" in die Wet genoem), onderwysers ("opvoeders" in die Wet genoem), personele by die skool wat nie opvoeders is nie en leerders in die agste graad of hoër by die skool (artikel 23 van die Wet; artikel 27 van die NK Wet). Alle plaaslike belanghebbendes by die bedryf van 'n skool het dus verteenwoordiging op die beheerliggaam.

Die werksaamhede van die beheerliggaam word uiteengesit in artikel 20 van die Wet (artikel 28(3) van die NK Wet). Artikel 20 begin soos volg:

"(1) Behoudens hierdie Wet moet die beheerliggaam van 'n openbare skool –"

en dan volg daar 13 sub-paragrafe. Dié sluit onder meer in dat die beheerliggaam die volgende moet doen: die belange van die skool bevorder, artikel 20(1)(a); 'n grondwet aanvaar, artikel 20(1)(b); die missiestelling van die skool ontwikkel, artikel 20(1)(c); 'n gedragskode vir die leerders by die skool aanvaar, artikel 20(d); die skool se eiendom, asook die geboue en gronde deur die skool beset, met die inbegrip van koshuise administreer en beheer, artikel 20(1)(g); alle ander werksaamhede wat by of kragtens die Wet aan die beheerliggaam opgelê word, verrig (artikel 20(1)(l) en so meer).

Die bepalings van artikel 28(3) van die NK Wet kom wesenlik ooreen met die bepalings van artikel 20(1) van die Wet. Artikel 28(1) bevat egter die volgende eienaardige bepaling:

"(1) Die beheerliggaam van 'n openbare skool is die amptelike mondstuk van die ouers van leerders, die opvoeders en die leerder (*sic*) aan die skool oor ander aangeleenthede as dié betreffende die professionele administrasie van die skool."

Ek sê hierdie subartikel is eienaardig omdat, soos ek tot dusver probeer aantoon het, die beheerliggaam die orgaan is waardeur die skool as regs persoon optree en nou sê artikel 28(1) dat die beheerliggaam die mondstuk van die ouers, opvoeders en leerders is. Dit bring my dan by die groot probleem wat by die uitleg van die betrokke wette en veral die Noord-Kaapse Wet ondervind word. Dit kom my voor asof die Wetgewer nie altyd behoorlik onderskei tussen die regs persoonlikheid van die skool as regs persoon en die regs persoonlikheid van die beheerliggaam nie.

Juridies moet die skool as regs persoon deur 'n orgaan optree. Volgens die twee wette is die enigste orgaan waardeur die skool as regs persoon handelinge kan verrig – anders as by die professionele bestuur daarvan – die beheerliggaam. In meer as een artikel in die Wet word daar na die beheerliggaam verwys asof

**Page 434 of [1998] 3 All SA 426 (NC)**

dit 'n aparte regspersoon is. Nêrens in die wette word die beheerliggaam uitdruklik met regspersoonlikheid bekleed nie, maar artikel 41 van die Wet (53(3) van die NK Wet) bepaal onder meer dat "die beheerliggaam van 'n openbare skool kan die betaling van skoolgeld deur die ouers wat ingevolge artikel 40 daarvoor aanspreeklik is, deur regsproses afdwing." By implikasie moet die beheerliggaam regspersoonlikheid ingevolge die Wet hê as hy sekere regte van die skool, by wyse van 'n regsgeeding kan afdwing (want die skoolgeld behoort immers aan die skool en nie aan die beheerliggaam nie. Sien artikel 38 en 39 van die Wet). Artikel 53(4) van die NK Wet bepaal dat 'n ouer 'n reg van appèl het teen 'n beslissing van die beheerliggaam in verband met die vrystelling van sodanige ouer van die betaling van skoolgeld. Artikels 38 tot 42 van die Wet toon duidelik die verwarring in die Wet aan tussen die verskillende regspersone. Nog 'n voorbeeld hiervan is artikels 36 en 37 van die Wet. Artikel 36 bepaal dat die beheerliggaam "alle redelike maatreëls binne sy vermoë tref" om die hulpbronne deur die staat voorsien aan te vul. Hier word die indruk duidelik geskep dat dit die beheerliggaam as regspersoon is op wie hierdie plig lê. Artikel 37(5) bepaal egter dat alle bates deur 'n openbare skool verwerf, die eiendom van die skool is. Wie beheer die bates, die beheerliggaam as orgaan van die skool as regspersoon of die beheerliggaam self as regspersoon? Artikel 37(6) bepaal dat die skoolfonds en alle ander bates van 'n openbare skool slegs gebruik mag word vir, onder meer, opvoedkundige doeleindes en vir die uitvoering van die werksaamhede van die beheerliggaam. Word daar hier verwys na die uitgawes van die beheerliggaam as regspersoon of die uitgawes ten opsigte van die werksaamhede van die beheerliggaam as orgaan van die skool as regspersoon? Die voor die handliggende antwoord blyk nie uit die artikel self nie. Artikel 37(1) bepaal dat die beheerliggaam 'n skoolfonds moet instel en dit administreer ooreenkomstig die voorskrifte deur die Departementshoof uitgereik. Artikel 37(2) bepaal dat alle geld wat deur 'n openbare skool ontvang word met inbegrip van skoolgeld en vrywillige bydraes in die skoolfonds gestort moet word. Artikel 37(3) bepaal dat die beheerliggaam 'n bankrekening moet open en in stand hou. As die ander artikels gelees word saam met artikel 37(2) en (3) dan blyk dit myns insiens duidelik dat waar daar na die beheerliggaam verwys word in hierdie artikels die beheerliggaam die orgaan is van die skool as regspersoon en dat die skoolfonds en ander bates dié is van die skool en nie dié van die beheerliggaam nie.

Nog 'n voorbeeld waar, volgens my beskeie oordeel, die onderskeid ook nie behoorlik getref is nie, is artikel 33 van die Wet (artikel 60 van die NK Wet) wat voorsiening maak vir die sluiting van skole. Artikel 33(1) bepaal dat die LUR by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* 'n openbare skool kan sluit. Artikel 33(2) bepaal dat die LUR nie kragtens subartikel (1) kan optree nie tensy hy of sy:

- “(a) die beheerliggaam van die skool in kennis gestel het van sy of haar voorneme om op dié wyse op te tree en sy of haar redes daarvoor;
- (b) die beheerliggaam van die skool 'n redelike geleentheid gebied het om verhoë in verband met sodanige optrede tot hom of haar te rig;
- (c) 'n openbare verhoor belê het met redelike kennisgewing, ten einde die gemeenskap in staat te stel om verhoë in verband met sodanige optrede tot hom of haar te rig; en
- (d) enige sodanige verhoë wat ontvang is, behoorlik oorweeg het.”

**Page 435 of [1998] 3 All SA 426 (NC)**

Ek het probleme met die betekenis van subartikel (2). As regspersoon behoort die skool immers kennis te kry en aangehoor te word. Die artikel sê egter nie so nie; dit verwys uitdruklik na die beheerliggaam en die gemeenskap. Dit is nie vir my duidelik in watter hoedanigheid die beheerliggaam kennis kry en optree ingevolge die subartikel nie.

'n Artikel wat effens duideliker is, is artikel 5. Artikel 5(1) van die Wet bepaal dat "‘n openbare skool moet leerders toelaat en hul opvoedkundige behoeftes dien sonder om op enige wyse onregverdig te diskrimineer". Hoe skakel die skool as regspersoon diskriminasie uit? Deurdat die skool nie sekere toetses vir toelating mag stel nie. Artikel 5(c) bepaal dat die beheerliggaam nie sodanige toets mag toepas nie. Ek sou dink dat in die konteks hier verwys word na die beheerliggaam as synde die orgaan van die skool.

Ek sou dink dat wanneer 'n skool 'n leerling skors, dit die skool as regspersoon is wat dit doen. Die leerling is immers ingeskryf by die skool. Artikel 9 van die Wet bepaal dat die beheerliggaam dit doen. In watter hoedanigheid tree die beheerliggaam in hierdie verband op?

Die rede waarom ek na die probleme by die uitleg van die twee wette wys, is omdat die geskilpunte in hierdie aansoek gaan oor die regspersoonlikheid van die skool en die beheerliggaam. Mnr *Lacock*, namens die respondente, het betoog dat nie slegs die skool nie, maar ook die beheerliggaam

regspersoonlikheid het en omdat die beheerliggaam (die skoolkomitee) voor die Hof is, is dit nie nodig om ook die skool te voeg nie, want die regshulp in aansoek 399/97 raak slegs die beheerliggaam. (’n Verdere probleem wat die respondente het is dat die skoolkomitee nie meer bestaan nie, maar dit is nie op hierdie stadium ter sake nie.) Mnr *Du Toit*, namens die applikante, het betoog dat die beheerliggaam nie regspersoonlikheid het nie, en dat waar die wette na die beheerliggaam verwys, die Wetgewer bedoel die beheerliggaam as orgaan van die skool as regspersoon, en verder dat die bepaling van die hofbevel ook die skool se regte aantast.

In die lig van die bepaling van artikel 41 van die Wet en artikel 53 van die NK Wet is ek van mening dat die beheerliggaam van ’n openbare skool ook regspersoonlikheid het. Die beheerliggaam is dus die orgaan van die skool as regspersoon waardeur die skool handel en kan ook as ’n onafhanklike regspersoon optree waar hy onder meer die ouers, onderwysers en leerlinge verteenwoordig, afhangend van die sin waarin die uitdrukking “beheerliggaam” in ’n betrokke artikel gebruik word.

Dit is teen hierdie verwarrende agtergrond dat ek nou na mnr *Lacock* se betoog terugkeer. Ek dink mnr *Lacock* is korrek dat ’n skool geen regte en bevoegdhede het ten aansien van die skoolbeleid nie. Ek dink egter dat daar, soos betoog deur mnr *Du Toit*, onderskei moet word tussen beleid en die uitvoering daarvan. Veronderstel die beleid van die LUR is dat, terwille van eenvormigheid, alle skole voortaan Engelstalig sal wees. Veronderstel verder dat sy haar beleid, soos die integrasiebeleid in aansoek 399/97, in die *Provinsiale Koerant* afkondig. Veronderstel verder dat sy die Engelstalige beleid sou probeer deurvoer en aan ’n Afrikaanstalige skool kennis gee dat hy vanaf ’n sekere datum Engelstalig sal wees. Sou die skool, as regspersoon, geregtig wees om die afdwinging van die beleid teen te staan en die geldigheid van die Provinsiale Kennisgewing ook aan te val op grond daarvan dat dit in stryd met die Grondwet is en in stryd met artikel 6(2) van die Wet, wat bepaal dat die beheerliggaam van ’n openbare skool die taalbeleid van ’n skool bepaal onderworpe aan sekere wetteregtelike voorskrifte? Gemeet aan algemene regsbeginsels behoort

#### Page 436 of [1998] 3 All SA 426 (NC)

die skool, as regspersoon die uitvoering van ’n beleid wat *prima facie ultra vires* is, te kan teenstaan en die geldigheid van die gewraakte kennisgewing in ’n hof te kan toets. Die algemene regsbeginsels kan slegs swig as die Wet uitdruklik of by noodwendige implikasie so bepaal. Mnr, *Lacock* betoog dat dit inderdaad die geval is. Hy betoog dat die Wet bepaal dat die Staat die verantwoordelikheid het om openbare skole te voorsien (artikel 12(1)) en dat die reg om met die Staatseiendom waarop die skool geleë is te handel, gesetel is in die LUR (artikel 13(2)–(5)); dat die beheerliggaam slegs ’n beheersfunksie oor die skool uitoefen, en dat die professionele bestuur van die skool deur die prinsipaal onder die gesag van die Departementshoof onderneem word, (artikel 16); dat die beheerliggaam die eiendom van die skool administreer en beheer, (artikel 20(1)(g)); dat die departementshoof die werksaamhede van ’n beheerliggaam kan intrek, (artikel 22(1) en (3)); dat die LUR die bevoegdheid het om ’n openbare skool te sluit, (artikel 33); dat die Staat openbare skole finansier, (artikel 34) en dat die Staat aanspreeklik is in gevalle waar aanspreeklikheid voortspruit uit enige daad of versuim in verband met die opvoedkundige aktiwiteite van ’n skool, (artikel 60(1)). Mnr *Lacock* het ook na ooreenstemmende artikels in die NK Wet verwys. Teen hierdie agtergrond betoog mnr *Lacock* dat dit uit die twee wette blyk dat die Staat statutêre beheer het oor die daarstelling van skole, die bepaling van die “(politieke) opvoedkundige beleid” wat sal geld ten aansien van die openbare skole, die samestelling van skole, die toepassing van die curricula in die skole en die professionele administrasie van die skole.

Ten opsigte van voormelde, aldus die betoog, het die beheerliggaam van ’n skool geen seggenskap of beheer nie. Ek stem saam. Mnr *Lacock* betoog verder dat die bevoegdhede van die beheerliggaam beperk is tot daardie bevoegdhede soos deur die voormelde wette omskryf. Dit is ook korrek. Hierdie benadering los egter nie die probleem op nie. Ek het reeds daarop gewys dat dit in aansoek 339/97 gaan om die geldigheid van die uitvoering van die beleid en nie die bepaling daarvan nie. Geen artikel in die Wet waarna mnr *Lacock* my verwys het beperk die algemene regsbeginsels dat ’n regspersoon waarvan sekere regte aangetas word, nie sodanige aantasting in die hof kan aanveg nie. Ek het reeds daarop gewys dat die beheerliggaam as orgaan van die skool die belange van die skool moet behartig (artikel 20(1)(a)). In die onderhawige geval word, aldus die hofbevel in aansoek 339/97, Kennisgewing no 4 “geldend en afdwingbaar” verklaar ten aansien van die “openbare skole geleë te Richmond”. Die status van Bennie Groenewald word verander na dié van ’n junior primêre skool ingevolge paragraaf 1.2.1, 1.2.2 en 1.2.3 van die hofbevel. Ingevolge dieselfde paragraaf word sy taalbeleid verander. Die status van Bennie Groenewald as regspersoon word dus direk geraak deur die hofbevel in aansoek 339/97.

Die werksaamhede van Bennie Groenewald, naamlik die verskaffing van onderrig in Afrikaans aan leerlinge vanaf graad 1 tot graad 7, word deur die hofbevel aan bande gelê en verander. Waar die



Wetgewer aan 'n skool regsbevoegdheid gee om sy werksaamhede uit te oefen, het daardie skool, volgens my oordeel, *locus standi* om 'n handeling waardeur daardie werksaamhede verander of beperk word, in die hof aan te veg. Die blote feit dat die Staat die mag het om die regspersoon daar te stel en dit te beeindig en die werksaamhede van die beheerliggaam kan intrek, affekteer, volgens my oordeel, nie die regte van die regspersoon solank hy bestaan nie.

Vervolgens het mnr *Lacock* betoog dat die regspersoonlikheid waarmee 'n openbare skool beklee is nie aan die skool die status of bevoegdheid verleen om, ten aansien van daardie bevoegdhede wat wettereglik die Staat of die

#### Page 437 of [1998] 3 All SA 426 (NC)

LUR toekom, in geding te tree in 'n hof, waar die Staat of LUR sodanige bevoegdhede uitoefen nie. Mnr *Lacock* betoog dat daar geen onduidelikheid in die Wet is ten opsigte van die regspersoonlikheid van die beheerliggaam nie. Omdat die skool as regspersoon nie in geding kan tree met die Staat of LUR by die uitoefening van hulle statutêre magte nie, maak die Wet uitdruklik voorsiening dat die beheerliggaam (as regspersoon) die reg van beswaar en appèl het, waar die LUR, bv 'n skool wil sluit, (artikel 60 van die NK Wet); so bepaal die beheerliggaam dan ook die taalbeleid en godsdiensonderrigbeleid van die skool self as regspersoon (artikel 16(1) en 19) van die Wet). My probleem met hierdie betoog is dat dit nie onderskei tussen die skool as regspersoon wat deur sy orgaan, die beheerliggaam, handel en die beheerliggaam as regspersoon nie. Dit is ten minste duidelik uit die artikels van die Wet waarna ek hierbo verwys het dat die beheerliggaam ook die orgaan van die skool as regspersoon is. Daar is dus nie regverdiging vir die betoog dat die skool en die beheerliggaam as regspersone totaal los van mekaar staan nie en dat die skool daarom slegs 'n owerheidsorgaan in dieselfde administratiewe hiërargie is nie.

Ter verdere ondersteuning van hierdie betoog het mnr *Lacock* verwys na *Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad v Minister van Gesondheid en 'n ander* [1961 \(4\) SA 715](#) (T) en *Wiechers, Administratiefreg*, 2de Uitgawe, op 58. Dit is wat *Wiechers* sê:

- “(iv) Die owerheidsorgane binne dieselfde magsfeer of administratiewe hiërargie kan hulle nie vir 'n regsgeding teenoor mekaar verhef nie. Dit is ondenkbaar dat 'n departementele kommissie of raad wat in 'n dispuut met sy hoof, die minister, betrokke raak, met die dispuut na die hof kan gaan. Gestel 'n departementele raad neem 'n besluit oor 'n saak en daarna keer die minister in 'n interne appèl die besluit van die raad om. Die raad kan nie nou hof toe gaan nie omdat die raad nooit as selfstandige gedingsparty teenoor sy hoof binne dieselfde administratiewe hiërargie kan optree nie.”

Dit is nodig om hierdie aanhaling in konteks te lees. Mnr *Du Toit*, wys daarop dat die aanhaling die vierde subparagraaf is in 'n bespreking deur die geleerde skrywer oor die delegasie van administratiewe bevoegdhede en meer bepaald dié wat voortspruit uit 'n dekonsentrasie van werksaamhede wat gewoonlik plaasvind binne 'n bepaalde administratiewe staatsdepartement. In die onderhawige geval is daar geen sprake van delegasie van administratiewe bevoegdhede nie. Mnr *Du Toit* het ook, heeltemal tereg, volgens my oordeel, daarop gewys dat die skool, as onafhanklike regspersoon, ooreenkomstig die bepalinge van die Wet, nie as 'n owerheidsliggaam beskryf kan word in die sin wat *Wiechers* die uitdrukking in die aangehaalde gedeelte bedoel nie. Hy wys dan ook in sy betoog daarop dat die *Verpleegstersraad*-saak, *supra*, waarop *Wiechers* ook in die aangehaalde gedeelte steun onderskeibaar is.

In die *Verpleegstersraad*-saak het 'n tugkomitee van die applikant (die Verpleegstersraad), na 'n ondersoek, die tweede respondent skuldig bevind aan sekere wangedrag. Sy het toe na die eerste respondent (die Minister van Gesondheid) geappelleer wat die appèl gehandhaaf het. Die Minister het geweier om sy geskrewe redes, waarin hy die Verpleegstersraad se bevinding omvergewerp het, aan die Verpleegstersraad te verskaf. Die Verpleegstersraad het toe die Hof genader vir 'n bevel wat die Minister gelas om sy redes te verskaf. Die Hof het die aansoek van die hand gewys op grond daarvan dat daar nooit 'n *lis* tussen die Verpleegstersraad en die Minister tot stand gekom het nie.

Mnr *Lacock* het betoog dat daar ook in die onderhawige geval geen *lis* is tussen die LUR en die Bennie Groenewald skool nie. Ek stem nie saam nie.

#### Page 438 of [1998] 3 All SA 426 (NC)

Die hofbevel wat die LUR verkry het en wat die geldigheid en afdwingbaarheid van haar beleid na bewering bekragtig, tas die status en regte van die skool as regspersoon aan. Daar is dus 'n geskilpunt tussen die LUR en die skool. As die skool toegelaat word om toe te tree as party in aansoek 399/97 is daar 'n *lis* tussen die LUR en Bennie Groenewald.

Die punt *in limine* word afgewys. Ek bevind dat die eerste applikant *locus standi* het.

Mnr *Lacock* se tweede punt in limine is dat, as die hof bevind dat 'n openbare skool regsbevoegdheid het, soos bevind is, moes die applikant ook aansoek gedoen het om die Richmond Hoërskool en die Ikhaya Gekombineerde Skool te voeg as partye in aansoek 399/97, omdat hulle 'n belang het by die aansoek om tersydestelling van die hofbevel, en natuurlik die geldigheid van Kennisgewing no 4.

Voor die inwerkingstelling van die amalgamasieproses te Richmond het altwee hierdie skole kinders van Sub A tot Standaard 10 onderrig. Na amalgamasie is die bestaande strukture en status van hierdie twee skole verander deurdat Richmond Hoërskool nou slegs bestaan as Hoërskool (sekondêre skool, Std 6 tot Std 10) en die Ikhaya Gekombineerde Skool slegs 'n senior primêre skool is wat onderrig gee van standaard 2 tot 5. Die amalgamasie het ook gepaardgegaan met die verskuiwing van onderwysers tussen die onderskeie skole en aanpassings is gedoen ten aansien van die taalonderrig in die skole. Mnr *Lacock* betoog dat die tersydestelling van die bevel in aansoek 339/97 tot gevolg sal hê dat die tans bestaande status en struktuur van hierdie twee skole wesenlik geraak sal word. Die twee skole as regspersone het dus 'n direkte en wesenlike belang in die aansoek om tersydestelling. Hy betoog dat die versuim om die twee skole te voeg fataal is en dat die applikante se aansoek op grond van hierdie versuim alleen van die hand gewys behoort te word, alternatiewelik dat die aansoek op die koste van die applikante uitgestel moet word sodat die twee skole behoorlik gevoeg kan word tot hierdie verrigtinge.

Mnr *Lacock* steun op *Amalgamated Engineering Union v Minister of Labour* 1949 (3) SA 637 (A) waar beslis is dat 'n party gevoeg moet word as hy 'n direkte en wesenlike belang ("interest") in die geskilpunt het (bls 659) en op 657:

"The question of joinder should ... depend ... on the manner in which the Court's order may effect the interests of third parties."

Die omgekeerde is sekerlik ook korrek: waar 'n bevel tersyde gestel word is die vraag tot watter mate die tersydestelling die belange van derdes sal raak. Dit was dan ook die geval in *United Watch and Diamond Co (Pty) Ltd and others v Disa Hotels Ltd and another* 1972 (4) SA 409 (C).

In die *United Watch*-saak het onder-huurders aansoek gedoen om die tersydestelling van 'n hofbevel ingevolge waarvan daar, onder meer, gelas is dat die huurkontrak tussen die huurder en die verhuurder gekanselleer word. Weens die kansellering van die kontrak moes die onder-huurders ook die perseel verlaat.

Corbett R (soos hy destyds was), beslis soos volg op bladsy 415A-B oor die vraag of die onder-huurders *locus standi* gehad het om die aansoek om tersydestelling te bring:

"In my opinion, an applicant for an order setting aside or varying a judgment or order of Court must show, in order to establish *locus standi*, that he has an interest in the subject-matter of the judgment or order sufficiently direct and substantial to have entitled him to intervene in the original application upon which the judgment was given or order granted. Before this approach can be

#### Page 439 of [1998] 3 All SA 426 (NC)

usefully applied, however, it is necessary to examine more closely the right of a party to intervene in legal proceedings."

Die geleerde regter doen dan so 'n ondersoek, nie slegs ten opsigte van voeging nie, maar ook ten opsigte van toetrede tot 'n geding ten opsigte waarvan hy bevind (416B-C):

"... the test of a direct and substantial interest in the subject-matter of the action is again regarded as being the decisive criterion ..."

In *Henri Viljoen (Pty) Ltd v Awerbuch Brothers* 1953 (2) SA 151 (O) het Horwitz Wn RP beslis dat die "direct interest" wat deur die Appèlhof in die *Amalgamated Engineering Union*-saak, *supra*, verlang was, (en waarna Corbett R in die *United Watch*-saak verwys), beteken "an interest in the right which is the subject matter of the litigation and is not merely a financial interest which is only an indirect interest in such litigation".

Corbett R bevind ook op 415H:

"It is generally accepted that what is required is a legal interest in the subject-matter of the action which could be prejudicially affected by the judgment of the Court."

'n Nuttige opsomming van voormelde vereistes en verdere vereistes word gevind in *Ex Parte Moosa: In Re Hassim v Harrop-Allin* 1974 (4) SA 412 (T) 414B-C:

"In an application for leave to intervene, the intervening party must show that he has a legal interest, not

merely a financial interest in the right which is the subject matter of the litigation, and that his legal interest could be prejudicially affected by the judgment of the Court. It is not necessary for him to satisfy the Court that he will necessarily succeed in the litigation in which he seeks to intervene. It is sufficient for him to make such allegations as would show that he has a *prima facie* case, and, that his application is made seriously and is not frivolous."

Behalwe dat ek sou wou byvoeg dat die belang wesenlik en direk moet wees stem ek met die formulering van die regter se toets saam.

Dit is gerieflik om op hierdie stadium nie slegs te kyk na die belang van die Richmond Hoërskool en die Ikhaya Gekombineerde Skool nie, maar ook na die van Bennie Groenewald. Insiggewend ten opsigte van die belang van die eerste applikant om gevoeg te word, is die benadering van Hanna R in *Ex parte Sudurhavid (Pty) Ltd: in re Namibia Marine Resources (Pty) Ltd v Ferina (Pty) Ltd* 1993 (2) SA 737 (Nm).

Twee maatskappye, een waarna daar in die uitspraak verwys is as *Sudurhavid*, het in vennootskap handel gedryf; hulle was ook die alleen aandeelhouers in die respondent, waarna in die uitspraak verwys word as *Ferina*. In die aansoek het *Sudurhavid* aansoek gedoen om toe te tree tot die likwidasie aansoek van *Ferina*. Op bladsy 742E-F sê die geleerde regter die volgende ten opsigte van *Sudurhavid* se direkte en wesenlike belang in die aansoek:

"Mr *Serrurier* submits that at best *Sudurhavid* can show only a financial interest in the outcome of the proceedings. With great respect to counsel, I disagree. The winding-up proceedings concern the basic right of *Ferina* to continue to exist and it is clear to me that *Sudurhavid* has a direct and substantial interest in that right. It is not only one of only two shareholders in *Ferina* but *Ferina* is the corporate entity upon which the partnership between *Sudurhavid* and

#### Page 440 of [1998] 3 All SA 426 (NC)

NMR depends for its existence. If *Ferina* is dissolved then the partnership will suffer the same fate. In my judgment not only does *Sudurhavid* have a direct and substantial interest in the winding-up proceedings, but it will clearly be prejudiced if a winding-up order is made."

Ek het reeds bevind dat die hofbevel die status en regte van Bennie Groenewald aantas. Daar kan geen twyfel wees dat Bennie Groenewald dus 'n direkte en wesenlike belang het by 'n aansoek wat die geldigheid van Kennisgewing nommer 4 en die toepassing van 'n amalgamasiebeleid moet beslis nie. Soos in die geval van die eerste applikant in die aansoek om toetreding, sal die tersydestelling van die hofbevel die regte en status van die ander twee skole in Richmond, soos dit tans daar uitsien, raak. Volgens my oordeel het die ander twee skole in Richmond dus ook 'n direkte en wesenlike belang daarby of die bevel in aansoek 399/97 tersyde gestel gaan word of nie. Die volgende vraag is of Bennie Groenewald 'n *prima facie* saak het in aansoek 399/97 wat gaan om die geldigheidsverklaring van Kennisgewing no 4 en ander regshulp wat die status van al drie die betrokke skole raak.

Bennie Groenewald, by monde van mnr Christoffels, formuleer sy saak soos volg:

"28.

Dit word eerbiedig aan die hand gedoen dat die kennisgewing van die LUR soos vervat in offisiële kennisgewing no 4 van 1997 en gepubliseer in die *Provinsiale Koerant* van 3 Maart 1997 asook die stappe wat in gewaande uitvoering daarvan gedoen is, nietig en onafdwingbaar is, alternatiewelik, hersienbaar is, op een of meer of almal van die volgende redes:

28.1 Die kennisgewing is vaag en verwarrend.

28.2 Die kennisgewing is ook *ultra vires* die magtigende wet en/of *ultra vires* verskeie ander wetsbepalings. Ek handel meer volledig met hierdie bewerings hierin later.

29.

Ingevolge artikel 6(1) van die SA Skolewet kan die Minister van Onderwys, na oorleg met die Raad van Onderwysministers, by wyse van kennisgewing in die Staatskoerant norme en standaarde vir taalbeleid in openbare skole vasstel. Daarbenewens bepaal artikel 6(2) van die SA Skolewet dat die beheerliggaam van 'n openbare skool die taalbeleid van die skool kan bepaal, behoudens die Grondwet, die SA Skolewet en enige toepaslike Provinsiale Wet. Dieselfde beginsel is vervat in artikel 16(1) van die Noord-Kaapse Wet in terme waarvan die beheerliggaam van 'n openbare skool die taalbeleid van die skool kan bepaal na oorleg met die departement en onderworpe aan die Grondwet, die SA Skolewet en goedkeuring van die lid van die uitvoerende Raad. Die optrede van die LUR was eensydig en sonder raadpleging van enige van die belanghebbendes. Sonder dat enige taalbeleid gepubliseer is, het die LUR 'n model van amalgamasie op die Skool afgedwing en die Skool 'n parallelmedium skool gemaak direk in stryd met hierdie bepalinge en het die LUR die beheerliggaam van sy bevoegdheid om oor taalbeleid by die skool te besluit, ontnem. Dit was 'n administratief onbillike en ongeldige proses om die resultaat wat bereik is, te bereik.

30.

Ingevolge artikel 20(1)(g) van die SA Skolewet en artikel 28(3)(g) van die Noord-Kaapse Wet het die beheerliggaam van 'n openbare skool die

**Page 441 of [1998] 3 All SA 426 (NC)**

bevoegdheid om die skool se eiendom, asook die geboue en gronde deur die skool beset, met inbegrip van koshuise, indien van toepassing, te administreer en beheer. Die kennisgewing wat deur die LUR aangekondig is, en die praktiese implementering daarvan in die onderhawige geval, het tot gevolg dat die beheerliggaam se bevoegdhede hulle ontnem is deurdat die LUR op voorskriftelike en onregmatige wyse onder andere gelas – en 'n bevel aanvra – waarkragtens 'die terrein, alle geboue sportgronde en alle ander onroerende en roerende bates' van die Skool aan die administrasie en beheer van die beheerliggaam ontnem moet word en aan die hoof van die Onderwysdepartement beskikbaar gestel moet word. Hierdie optrede van die LUR is ook direk in stryd met die bepalings van artikel 37(5) en 52(2) van die SA Skolewet en artikel 55 van die Noord-Kaapse Wet deurdat minstens die roerende bates van die Skool, die eiendom van die Skool is. Die LUR poog dus deur haar optrede om die Skool sy eiendomsreg op ongegronde en onregmatige wyse te ontnem en die bevel wat aangevra en verleen is maak sonder enige gronde daartoe, regstreeks inbreuk op die Skool se regte en die beheerliggaam se bevoegdhede.

31.

Ingevolge artikel 6(1)(a) van die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1994 (Proklamasie No 138 van 1994) geskied die oorplasing van opvoeders van een openbare skool na 'n ander, op aanbeveling van 'n openbare skool, soos verteenwoordig deur sy beheerliggaam. As deel van die amalgamasie wat deur die LUR op die skolegemeenskap afgedwing word, is daar vyf onderwysers van die Ikaya Gekombineerde Skool na die Skool oorgeplaas sonder raadpleging hoegenaamd met die beheerliggaam. Insgelyks is daar ses onderwysers van die Skool oorgeplaas na die Ikaya Gekombineerde Skool en die Richmond Hoërskool sonder dat die beheerliggaam van die Skool hoegenaamd daarin geken is. Die beheerliggaam het ook geen aanbeveling te dien effekte gemaak nie. Na die beste van my wete is die betrokke opvoeders, strydig met die bepalings van die Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995, ook nie deur die LUR of die betrokke Departement geraadpleeg alvorens die oorplasing geskied het nie.

32.

Die Skool het in die loop van tyd in elk geval ook sy eie bates verwerf met fondse wat deur ouers ingesamel is. Daarbenewens was daar 'n saldo in die skoolfonds se bankrekening voordat die proses van amalgamasie in werking gestel is. Ingevolge artikel 37(1) moet die beheerliggaam van 'n openbare skool 'n skoolfonds instel en dit administreer ooreenkomstig voorskrifte deur 'n Departementshoof uitgereik. Geen sodanige voorskrifte is tot nog toe uitgereik nie. Ingevolge artikel 37(6) mag die skoolfonds, alle opbrengste daaruit en alle ander bates van die openbare skool slegs gebruik word vir opvoedkundige doeleindes by of in verband met sodanige skool en, soos reeds hierbo aangetoon, is hierdie skoolfonds en bates die Skool se eiendom. Deur hierdie proses van amalgamasie te doen op die wyse wat die LUR gedoen het, beteken dit dat die bydraers wat tot die skoolfonds gemaak is, nie tot voordeel van die bydraers gebruik kan word nie, aangesien hulle sonder meer hulle regte ontnem is deurdat hulle kinders in 'n ander skool moet skoolgaan. Hulle verbeur die gebruik van die bates wat in die loop van tyd deur die Skool se ouergemeenskap bymekaar gemaak is.

**Page 442 of [1998] 3 All SA 426 (NC)**

33.

Ek doen eerbiedig aan die hand dat die praktiese effek van die kennisgewing wat deur die LUR uitgevaardig is en van die implementering daarvan, op niks minder neerkom as die sluiting van openbare skole en die heropening van nuut-saamgestelde skole nie. Op die wyse waarop dit gedoen word, omseil die LUR egter die bepalings van artikel 33 van die SA Skolewet en artikel 60 van die Noord-Kaapse Wet. Die aard en samestelling van die betrokke skole, as regspersone, word eensydig deur die LUR op 'n wyse verander wat regtens onbestaanbaar is met die bestaan van regspersone en boonop word die regspersone hulle bates ontnem op 'n wyse wat eweneens onbestaanbaar is met die regsposisie van 'n regspersoon. Ek doen eerbiedig aan die hand dat geen een van die prosesse wat in die betrokke artikels met betrekking tot sluiting voorgeskryf is, deur die LUR gevolg is nie en dat die hele proses gevolglik administratief onbillik en onbestaanbaar is.

34.

Ek doen voorts eerbiediglik aan die hand dat die LUR se kennisgewing en die voorgestelde uitvoering daarvan in stryd is met sekere fundamentele regte, te wete:

34.1 die reg tot vryheid van assosiasie soos vervat in artikel 18 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 108 van 1996 ('Die Grondwet').

34.2 artikel 30 van die Grondwet, tot dié mate dat deelname aan die kulturele lewe van die ouers en hulle kinders se keuse hulle ontnem word.

- 34.3 artikel 33 van die Grondwet, naamlik die reg tot billike en prosedureel gebillikte administratiewe handeling wat nie nagekom is nie waardeur die Skool, die ouers en die kinders se fundamentele regte aangetas is. Die voorstelle van die ouergemeenskap en voormalige skoolkomitee van die Skool, is eenvoudig in die wind geslaan en nie behoorlik deur die LUR oorweeg nie.
- 34.4 die bepalings van artikel 25 van die Grondwet tot die mate waartoe die Skool sy eiendom ontnem word.
- 34.5 die bepalings van artikel 29 van die Grondwet deurdat die standpunt van die LUR dat ouers wat nie by haar model wil inval nie maar eenvoudig hulle kinders na onafhanklike skole moet neem, ook fundamenteel strydig is met die bepalings van daardie artikel.

35.

Ek doen eerbiedig aan die hand dat die besluit van die LUR by die gee van die kennisgewing en die stappe wat daaruit gevolg het:

- 35.1 grof onredelik was; en/of
- 35.2 optrede daargestel het wat in stryd is en was met ander wetgewing; en/of
- 35.3 neerkom daarop dat die LUR haar magte en bevoegdhede verkeerd verstaan het en/of verkeerd uitgeoefen het; en/of
- 35.4 neerkom daarop dat die LUR nie behoorlike aandag gegee het aan die problematiek voor hande nie en die inligting wat tot haar beskikking gestel is nie; en/of

**Page 443 of [1998] 3 All SA 426 (NC)**

- 35.5 neerkom daarop dat die optrede arbitrêr van aard is aangesien die LUR nêrens gemagtig word om skole te amalgameer nie; en/of
- 35.6 'n onregverdigte verbondenheid aan 'n vaste standpunt daarstel."

Dit is nie die tyd om die geldigheid van hierdie argumente te beslis nie en dit is ook nie nodig dat die eerste applikant my moet oortuig van sy kans op sukses nie. Ek is tevrede dat van voormelde punte argumenteerbaar is en dat die eerste applikant 'n *prima facie* saak in aansoek 399/97 uitgemaak het. Die geskilpunte in aansoek 399/97 raak die Richmond Hoër Skool en die Ikhaya Gekombineerde Skool ook en hulle moet deur die applikante as respondente in aansoek 399/97 gevoeg word. Volgens my oordeel is dit die prosedure wat hier gevolg moet word en is hierdie nie 'n gepaste geval waarin die aansoek, soos deur mnr *Lacock* versoek, as gevolg van die nie-voeging van die hand gewys moet word nie. Hierdie is in die eerste instansie 'n aansoek om voeging. Dit is net sowel dat al die belanghebbende partye nou gevoeg word. In die tweede instansie kan daar geen benadeling vir die respondente in hierdie aansoek wees veral as in ag geneem word dat dit die respondente is wat die skole as regspersone in aansoek 399/97 in die eerste instansie moes gevoeg het. Die aansoek is reeds uitgestel sodat die geopperde punte beslis kan word. Dit is dus ook nie nodig dat die aansoek uitgestel word sodat die voeging kan geskied nie.

Mnr *Lacock* het verder betoog dat die applikante die beheerliggame van die betrokke skole ook moet voeg as respondente. Mnr *Du Toit* se betoog dat die beheerliggame nie regspersoonlikheid het nie, het ek reeds verwerp, omdat die wette by implikasie regspersoonlikheid aan 'n beheerliggaam van 'n openbare skool toeken. As regspersoon, anders as 'n orgaan van die skool, het die beheerliggaam 'n wesenlike en direkte belang by die tersydestelling van die hofbevel. Die resultaat is byna lagwekkend tegnies: die samestelling van die beheerliggaam in sy onderskeie regspersoonlikhede is presies dieselfde. Een manier om die probleem op te los is om elke artikel in die wette waar daar na die beheerliggaam verwys word te ontleed om te kyk of dit moontlik is om die pligte, regte en bevoegdhede van 'n beheerliggaam waarna daar verwys word, toe te ken aan een of ander of beide die regspersoonlikhede van 'n beheerliggaam. Dit sou 'n momentele onderneming wees en, met alle respek, nie geregverdig wees in hierdie aansoek om voeging nie. Ek het in elk geval ook nie betoog daarvoor aangehoor nie. Ek volstaan daarby dat die beheerliggaam as verteenwoordiger van die belange van die onderwysers, ouers en leerlinge van die twee skole 'n wesenlike en direkte belang het by die tersydestelling van die hofbevel en gevoeg moet word.

Die volgende vraag wat ek moet beslis is of die tweede applikant, die ouerbeweging, kan toetree as respondent tot aansoek 399/97. Mnr *Lacock* se toegewing dat as die bevel tersyde gestel word, hy nie beswaar maak teen die toetrede van applikante nommers twee tot vier in aansoek 399/97 nie, help nie op hierdie stadium nie. Ek moet nog steeds beslis of hulle kan toetree in die aansoek om tersydestelling van die hofbevel.

Mnr *Lacock* het betoog dat die ouerbeweging nog nie bestaan het toe die hofbevel gemaak is op 16 April 1997 nie. Reël 42(1)(a) van die Hofreëls waarop die applikant steun, vir die tersydestelling van die

hofbevel bepaal soos volg:

- “(1) Die hof het benewens ander magte wat hy mag hê, die reg om *mero motu* of op aansoek van 'n party wat geraak word, bevele of vonnisse te wysig of te herroep;
- (a) wat verkeerdlik aangevra of verkeerdlik gegee is in die afwesigheid van 'n party wat daardeur geraak word;”

**Page 444 of [1998] 3 All SA 426 (NC)**

Aldus die betoog is die hofbevel nie in die afwesigheid van die ouerbeweging gemaak, soos bedoel in hofreël 42(1)(a), nie, omdat hy toe nog nie bestaan het nie.

Volgens die bewerings in die stukke is die ouerbeweging reeds in Desember 1996 gestig, alhoewel hy eers 'n grondwet op 2 Desember 1997 aanvaar het. Mnr *Du Toit* het betoog dat die aanvaarding van 'n grondwet nie 'n voorvereiste is vir die bestaan van die ouerbeweging nie, en dat dit reeds by stigting in Desember 1996 as regs persoon tot stand gekom het. Die onbetwiste bewering in die stukke is dat die ouerbeweging “'n vrywillige vereniging met regs persoonlikheid onafhanklik van sy lede”, is. Die konstitusie van die ouerbeweging is by die stukke aangeheg en daaruit blyk dit duidelik dat die ouerbeweging 'n regs persoon onder die gemene reg, 'n *universitas*, is. (Vir die vereistes van 'n *universitas*, sien Joubert: *The Law of South Africa*, Volume 1, eerste heruitgawe, paragrafe 452–455.) Soos ek mnr *Lacock* se betoog verstaan, het hy nie betwis dat die ouerbeweging 'n *universitas* was nie. Die vraag is dan of 'n grondwet nodig is voordat 'n *universitas* ontstaan? Die antwoord op die vraag is nee. 'n *Universitas* kom tot stand by blote ooreenkoms: Joubert, *supra*, par 455. 'n Grondwet is nie 'n voorvereiste vir die totstandkoming van 'n *universitas* nie: Joubert, *supra*, par 455; *CIR v Witwatersrand Association of Racing Clubs* 1960 (3) SA 291 (A) 304G–305B.

Ek kom dus tot die gevolgtrekking dat die ouerbeweging die regsbevoegdheid het om as respondent gevoeg te word. Die volgende vraag is of die ouerbeweging 'n direkte en wesenlike belang het by die tersydestelling van die hofbevel en in die geskilpunt in aansoek 399/97. Mnr *Du Toit* het betoog dat 'n ouer 'n wesenlike en direkte belang by die skoolopvoeding van sy kind het en dat die Staat hierdie belang erken. Hy het eerstens verwys na paragraaf 3 van die Witskrif oor onderwys gepubliseer op 15 Maart 1995 in *Staatskoerant* 16313 waarin die amptelike beleid met betrekking tot onderwys in Suid-Afrika uiteengesit word. Paragraaf 3 van hoofstuk 4 het betrekking op die verantwoordelikhede en regte van ouers en dit lees soos volg:

“Ouers of voogde dra die primêre verantwoordelikheid vir die onderwys van hulle kinders, en het die reg om deur die staatsowerhede geraadpleeg te word oor die vorm wat onderwys moet aanneem en om deel te neem aan die beheer daarvan. Ouers het 'n onvervreembare reg op keuse van die vorm van onderwys wat vir hulle kinders die beste is, veral in die vroeë jare van skoolonderwys, ongeag of dit deur die staat voorsien word, onderhewig aan redelike waarborge wat by wet, vereis kan word. Die ouers se reg om te kies omvat die keuse van die taal en die kulturele of godsdienstige grondslag van die kind se onderwys met inagneming van die regte van ander en die groeiende kind se reg om te kies.”

Uit die inhoud van voormelde paragraaf is dit duidelik dat die ouers 'n verantwoordelikheid het by die onderwys en ten nouste daarmee gemoeid is. Hierdie benadering word dan ook vervat in die aanhef tot die Wet. Dit lees:

“Nademaal hierdie land 'n behoefte het aan 'n nuwe nasionale stelsel vir skole wat ... die regte van alle leerders, ouers en opvoeders sal handhaaf, en hul aanvaarding van verantwoordelikheid vir die organisasie, beheer en finansiering van skole in vennootskap met die staat sal bevorder; ...”

Die Wetgewer wil dus die ouer in die onderwys betrek in vennootskap met die Staat. Die grondwet van die ouervereniging is dan ook in hierdie gees opgetrek. Die doelstellings van die ouerbeweging is, onder meer:

**Page 445 of [1998] 3 All SA 426 (NC)**

- “4.1 Om as 'n ouervereniging deur aktiewe betrokkenheid van ouers van skoolpligtige leerlinge van Richmond die sake van Bennie Groenewald Primêre Skool ('die skool') te bevorder;
- 4.2 om aanvaar te word en erkenning te verkry as spreekbuis vir sy lede;
- 4.3 om owerheidsbeleid en gemeenskapshouding proaktief te beïnvloed wat betrek sake rakende die onderwys van leerlinge in die algemeen en in besonder van leerlinge van die skool;
- 4.4 om alleen of met ander organisasies en groeperings tot voordeel van die onderwys in die algemeen en in besonder aan die skool te skakel en waar toepaslik gesamentlike projekte aan te pak en deur te voer;

- 4.5 om wedersydse kommunikasie en kontak tussen lede van die Vereniging, die skoolhoof en personeel van die skool, die bestuur van die Vereniging en die beheerliggaam van die skool te bewerkstellig en te bevorder;
- 4.6 om in die algemeen alle stappe te doen wat regtens toelaatbaar is of nodig is (insluitende regstappe) ten einde die belange van onderwys in die algemeen en in besonder die belange van die skool, ouers van leerlinge aan die skool, personeel en skoolpligtige leerlinge van lede van die Vereniging verbonde aan die skool en lede van die Vereniging te beskerm en/of te bevorder;"

Inagnemende hierdie doelstellinge is ek van oordeel dat die oerbeweging nie slegs 'n direkte en wesenlike belang by die geldigheid van Kennisgewing 4 het nie, maar ook in die tersydestelling van die hofbevel sodat hulle 'n party kan wees in die geskil oor die geldigheid van die Kennisgewing en gevolglik die beleid van amalgamasie. Die tweede applikant word dus gevoeg as 'n respondent in aansoek 399/97.

Die volgende vraag is of die derde applikant, die Hoërskool Carnarvon, gevoeg moet word. Mnr *Lacock* het betoog dat die hofbevel slegs betrekking het op die skole in Richmond en dat die Hoërskool Carnarvon, dus geen belang in hierdie aansoek het nie. Dit sal onthou word dat die regshulp in die kennisgewing van mosie in saaknommer 399/97 die geldigverklaring en afdwingbaarheid van Kennisgewing 4 in die hele Noord-Kaap gevra het. In die hofbevel is die geldigheid en afdwingbaarheid daarvan beperk tot die skole in Richmond. Kennisgewing 4 self het betrekking op alle plattelandse skole in die Noord-Kaap. Wat die hof moet beslis in aansoek 399/97 is die geldigheid van Kennisgewing 4. Indien die hof bevind dat Kennisgewing 4 geldig is, is dit uiteraard geldig in die hele Noord-Kaap, ongeag die feit dat die terme van die hofbevel slegs betrekking het op die skole in Richmond. Mnr *Lacock* het betoog dat dit ondenkbaar is dat die Premier en die LUR *res judicata* kan opwerp teen byvoorbeeld die Carnarvon Hoërskool of 'n ander skool in die Noord-Kaapse platteland sou so 'n skool later die geldigheid van die kennisgewing wou betwis. In hierdie opsig is mnr *Lacock* korrek, maar die rede waarom *res judicata* nie deur die owerheid opgewerp kan word nie, is nie omdat die hof reeds die geldigheid van Kennisgewing 4 beslis het nie, maar omdat die Hoërskool Carnarvon of 'n ander skool nie 'n party tot aansoek 399/97 was nie. *Res judicata* kan slegs opgewerp word teen iemand wat 'n party tot die geding was (*Amalgamated Engineering Union v Minister of Labour, supra*, p 660 en 661).

Ek het reeds ten opsigte van die eerste applikant, die Bennie Groenewald Skool, bevind dat die amalgamasiebeleid soos vervat in Kennisgewing 4 die

#### Page 446 of [1998] 3 All SA 426 (NC)

status en regte van 'n skool aantas en dat die 'n openbare skool, as regs persoon 'n wesenlike en direkte belang in die geldigheid en afdwingbaarheid van Kennisgewing 4 het. Dit geld natuurlik ook vir die Carnarvon Hoërskool. Om dieselfde oorwegings as in Bennie Groenewald se geval, word die derde applikant as 'n respondent in aansoek 399/97 gevoeg.

Ten slotte moet ek beslis of die vierde applikant, FEDSAS kan toetree.

Volgens die Grondwet van FEDSAS is dit 'n Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Openbare Skole: Noord-Kaap, soos sy naam self aandui. Hy het 108 lede dws die beheerliggame van 108 openbare skole in die Noord-Kaap. FEDSAS is 'n regs persoon wat kan dagvaar en gedagvaar word. Sy missie is:

"die behoud en bevordering van die gehalte van onderwys in Openbare Skole in die Noord-Kaapprovinsie met die handhawing van religieuse en kultuurverbondenheid."

Sy doelstellings is onder meer :

- "4.1 Om as verteenwoordigende liggaam en spreekbuis te dien vir die bevordering van die gemeenskaplike belange en ideale van sy lede sonder om inbreuk te maak op die eie waardes en etos van individuele lede;
- 4.2 Om toe te sien dat die eie waardes en etos van individuele lede erken en beskerm word;
- 4.3 Om 'n verteenwoordigende liggaam daar te stel vir sy lede ten einde skakeling tussen sy lede te bewerkstellig en as spreekbuis en onderhandelingsforum namens sy lede op te tree met alle instellings of organisasies met betrekking tot sake van gemeenskaplike belang;
- 4.4 Om opleiding, toerusting en bystand aan sy lede te verleen in die uitvoering van die regte, pligte en verantwoordelikhede van die lede;
- 4.5 Om fondse in te samel ter verwesenliking van die doelstellings van die Vereniging;
- 4.6 Om skakeling tussen die Vereniging, sy lede, die owerheid en alle ander belanghebbende partye op streeks-, provinsiale en nasionale grondslag daar te stel;

- 4.7 Om alle beheerliggame van Openbare Skole in die Noord-Kaapprovinsie as lede van die Vereniging te werf;
- 4.8 Om amptelike erkenning van alle toepaslike liggame, instellings en owerhede te verkry;
- 4.9 Om die professionele status van alle opvoeders te erken en te bevorder en om inmenging in die professionele taak van opvoeders te verhinder;
- 4.10 Om die regte en bevoegdhede van sy lede te bevorder en te beskerm;
- 4.11 Om binne die raamwerk van alle toepaslike onderwyswetgewing alle stappe wat nodig is te doen om die belange van sy lede te bevorder of beskerm en om as werkgewerorganisasie namens sy lede in bedingingsrade en ander arbeidsverhoudingstrukture te onderhandel, beding of besluite te neem kragtens toepaslike arbeidswetgewing;
- 4.12 Om alle stappe te doen wat nodig mag wees om die missie van die Vereniging te bevorder of te beskerm;"

In hierdie verband dui paragrawe 4.3, 4.6 en 4.11, om as spreekbuis vir sy lede te onderhandel met die owerheid en om binne die raamwerk van alle toepaslike

#### **Page 447 of [1998] 3 All SA 426 (NC)**

onderwyswetgewing die belange van sy lede te bevorder en beskerm, 'n direkte en wesenlike belang aan. So ook paragraaf 4.1 ten opsigte van byvoorbeeld die taalbeleid wat deur die hofbevel aangetas word en 4.9 ten opsigte van die professionele status van onderwysers. Ek het reeds vroeër beslis dat die beheerliggame van die skole in Richmond 'n wesenlike en direkte belang het by die geldigheid en afdwingbaarheid van Kennisgewing 4. Ek het ook beslis dat die hof in aansoek 399/97 die geldigheid van Kennisgewing 4 moet beslis. Dit volg dus dat die beheerliggame van alle plattelandse Openbare Skole in die Noord-Kaap 'n soortgelyke belang in die tersydestelling van die hofbevel het sodat hulle deur FEDSAS tot die aansoek wat oor die geldigheid van Kennisgewing 4 beslis, kan toetree. Dit is nie ter sake dat die beheerliggame van Bennie Groenewald nie 'n lid van FEDSAS is nie; dit is nie net die belange van die beheerliggame van Bennie Groenewald wat deur Kennisgewing 4 geraak word nie.

Die vierde applikant word dus ook gevoeg as respondent in aansoek 399/97.

Alhoewel ek nog nie volledige betoog in hierdie verband aangehoor het nie, het ek reeds my kommer oor die wyse waarop die Provinsiale Regering in aansoek 399/97 opgetree het, teenoor mnr *Lacock* geopper. Ek dink dat dit ook gepas is dat ek dit in hierdie uitspraak noem. Om een of ander rede het die LUR dit goed gevind om die geldigheid van Kennisgewing 4 in die hof te toets. Daarmee het ek geen probleem nie. Om egter die arm bruin gemeenskap van Richmond hof toe te sleep om die geldigheid van Provinsiale Kennisgewing te toets stuit my teen die bors. Wanneer 'n owerheidsorgaan die geldigheid van sy wette, regulasies en kennisgewings wil toets sou ek verwag het dat hy alle belanghebbendes kennis van sy voorneme sou gee en aan hulle geleentheid bied om deur middel van een of ander oorkoepelende organisasie soos bv. FEDSAS, of 'n ander persoon van hulle keuse, die aansoek teen te staan. Dat dit nie slegs die Bennie Groenewald Skool en sy ouers en die Hoërskool Carnarvon is wat nie genoeg neem met Kennisgewing 4 en die sogenaamde "stappe" wat op sterkte daarvan geneem is nie, blyk uit die feit dat FEDSAS, wat 'n groot aantal beheerliggame verteenwoordig, ook tot die dispuut wil toetree. As die Premier en LUR die weg gevolg het om aan alle belanghebbendes kennis te gee soos ek hierbo beoog het, sou 'n aansoek soos die onderhawige nie nodig gewees het nie, en sou dit waarskynlik nie nodig gewees het om partye te voeg waarvan die belange duidelik oorvleuel nie. Dit mag natuurlik wees dat die LUR hierdie of 'n soortgelyke weg probeer volg het en dat dit nie suksesvol was nie. Ek weerhou my gevolglik daarvan om enige verdere kommentaar op hierdie stadium te lewer. Ek maak dan ook nie op hierdie stadium enige kostebevel nie, totdat die partye geleentheid gehad het om met die probleme wat ek hierbo geopper het, te handel nie.

Ek maak die volgende bevel:

- (1) Die respondente se punte *in limine* word van die hand gewys.
- (2) Die applikante in hierdie aansoek word gevoeg in aansoek nommer 399/97 onderskeidelik as die sewende, agste, negende en tiende respondente.
- (3) Dat die applikante die Richmond Hoërskool en die Ikhaya Gekombineerde Skool voeg as respondente elf en twaalf in aansoek nommer 399/97.
- (4) Dat die applikante die beheerliggame van die Richmond Hoërskool en die Ikhaya Gekombineerde Skool voeg as respondente dertien en veertien in aansoek 399/97.

#### **Page 448 of [1998] 3 All SA 426 (NC)**



(5) Die koste van hierdie deel van die aansoek word voorbehou.

For the applicants:

*Jl du Toit* instructed by *Schoeman Maree Ingelyf*, Bloemfontein

For the respondents:

*HJ Lacock SC* instructed by *Duncan & Rothman*, Kimberley